Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

Laerskool Louis Leipoldt
1948 - 2018

19 Februarie 2019

LEIERS

Geagte ouers

Na verskeie versoeke en deeglike ondersoek het ons besluit om die leiers se kleredrag te verander. Die dra van die leierbaadjies, wat hulle trots is en hulle onderskei van die res van die leerders, kan egter baie warm word. Ons wil nie graag hulle unieke identiteit van hulle af wegneem nie en daarom die verandering aan hulle drag. Hierdie verandering is nie hierdie jaar verpligtend vir ons leiers nie, dit is 'n oorgangsfase. Indien u wel bereid is om nou te verander, wil ons vra dat hierdie klere eers vanaf volgende kwartaal, op 2 April gedra word sodat ons steeds eenvormigheid kan behou.

Die dogters se drag gaan as volg uitsien:

Somermaande:	**Wintermaande:**
Wit skoolhemp	Wit skoolhemp
Vlootblou rompie	Vlootblou rompie
Kort skoolsokkies met skoene	Lang vlootblou kouse/vlootblou sykouse met skoene
Baadjie (afhangende van die weer)	Baadjie (verpligtend) en kortmoutrui (opsioneel)

Rompies (soos H/s Swartkop s'n) is verkrygbaar by Maretha's; hemde by enige klerewinkel.

Die seuns se drag gaan as volg uitsien:

Somermaande:	**Wintermaande:**
Wit skoolhemp	Wit skoolhemp
Grys kort-/langbroek	Grys langbroek
Skoolkouse met skoene	Skoolkouse met skoene
Baadjie (afhangende van die weer)	Baadjie (verpligtend) en kortmoutrui (opsioneel)

Verkrygbaar by enige klerewinkel.

Hoop u sien saam met ons uit na Laerskool Louis Leipoldt se eerste nuwe leiersdrag!

Vriendelike Leipiegroete

Me G Schoeman
Leiervoog

Mnr P Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za